Inside Education
Inspiring Minds

MATRIC EXAM REVISIONS

AFRIKAANS FAL
PAPER 1 (2021)

QUESTION PAPER

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2021

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taal	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	20 minute
AFDELING C:	50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

MOENIE NET PRAAT NIE; DOEN IETS!
Stil-stil maak Suid-Afrikaners 'n verskil

1 Max Lucado, 'n geestelike skrywer, glo dat elke mens 'n begeerte het om 'n verskil op aarde te maak en om iets vir iemand te beteken. Maar om dit te doen, moet mense moue oprol. Gelukkig sien ons deesdae al minder "julle moet"-mense en meer "ons moet"-mense. Dit is mense wat bereid is om self te doen en te gee.

2 Ayakha Melithafa, Donalene Johanessen en Candice Mostert is maar net drie Suid-Afrikaners wat besluit het om deel te wees van die "ons moet"-mense wat 'n verskil in SA wíl maak.

3 **Ayakha Melithafa** se familie is boere wat erg deur die droogte in SA getref is. Ayakha het navorsing gedoen en agtergekom dat die verandering in klimaat die oorsaak van die droogte was. Sy het besef dat nog swaarder tye op hulle wag. Toe het sy geweet dat sy mense sal moet bewus maak van klimaatsverandering en die negatiewe gevolge daarvan. Daarom het sy by verskillende organisasies aangesluit.

4 Een van hierdie organisasies is Projek 90 teen 2030, wat koolstof teen 2030 wêreldwyd met 90% wil verminder. Die tweede een is die Afrika Klimaat Alliansie. Hulle maak mense bewus van klimaatsverandering. Deur hierdie Alliansie het Ayakha ander jong oorsese omgewingsaktiviste leer ken, onder andere Greta Thunberg van Swede.

5 Ayakha wil 'n stem vir die omgewing wees. Sy wil graag sien dat politieke leiers aandag aan die probleme rondom klimaatsverandering gee. Hulle moenie dink dat sy dinge uit haar duim suig nie. Hulle moet mense wat niks daarvan weet nie, inlig. Hulle moet die jeug en gemeenskappe inspireer om die omgewing beter te bewaar. Mense moet weet wat hulle kan doen om klimaatsverandering te keer.

6 In 2013 het **Donalene Johanessen** Royal Kidz gestig. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat minderbevoorregte kinders op verskillende maniere help. Die Marriotts Hotelgroep het ook by hierdie projek betrokke geraak en besluit om lakens wat hulle nie meer gebruik nie, vir haar te skenk. Die lakens is van 'n goeie kwaliteit; daar is selfs lakens van Egiptiese katoen.

7 Donalene en haar werkers gebruik hierdie lakens om skoolhemde en warm baadjies vir minderbevoorregte kinders te maak. Uit een koningsgrootte laken kan 5 skoolhemde gemaak word. Dis hoe die Sheets for Shirts-projek ontstaan het.

8 2019 was 'n goeie jaar. 'n Donasie van 300 skoolhemde is aan Graad R–1-leerders aan die Primêre Skool Eastville gegee. Vir Mandeladag is meer as 1 000 skoolhemde, winterbaadjies en skoene aan leerders van verskillende skole geskenk.

9 Dit was nog altyd Donalene se droom om 'n vaste werkplek vir plaaslike naaldwerkers te hê. Marriotts het toe R1,2 miljoen vir Donalene gegee om Restore SA Pty Ltd te begin. Dit is haar eie besigheid. Sy het 11 vroue en 2 mans in diens, 'n permanente fabriek in Parow en 'n aanlyn winkel. Sy gebruik 40% van haar besigheid se wins vir Royal Kidz se projekte.

10 Uiteindelik strek Donalene se projek verder as om net skoolklere te voorsien. Hierdie projek het ook haar werkers se lewens positief verander. Hulle verdien nou 'n vaste inkomste, voel goed oor hulleself en het 'n doel in die lewe. Die kinders wat deur haar projek gehelp word, woon nou gereeld skool by.

11 Donalene pak ook die plastiekprobleem in ons land aan. Sy maak wasgoedsakke vir hotelle uit die ou lakens. Nou hoef hotelle nie meer plastieksakke daarvoor te gebruik nie.

12 Nog iemand wat iets omtrent die enorme plastiekprobleem probeer doen, is **Candice Mostert**. Sy ondersteun die idee van ekostene. Ekostene help om plastiekafval te verminder.

13 Vir 'n ekosteen het 'n mens 'n 2 ℓ-koeldrankbottel nodig. Jy vul die bottel met skoongewaste plastiek soos penne, plastieksakkies en plastiekbakkies wat nie weer gebruik kan word nie. Hierdie ekostene word dan vir verskillende dinge gebruik, bv. om vloere en mure op te vul en bankies vir skoolterreine te bou.

14 Candice se organisasie, Waste-Ed, werk saam met gemeenskappe in die Wes-Kaap. In 2019 het hulle 20 ton plastiek van vullishope af verwyder en in ekostene gebruik. Daar is 37 skole wat saam met haar werk. Sy sê ekostene is 'n goeie manier om kinders te leer om die omgewing te bewaar.

15 Dit is maar drie Suid-Afrikaners wat in die "ons moet"-span speel. Vir watter span draf jý uit?

[Eie teks]

LET WEL:
- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Watter skrywer glo dat alle mense 'n verskil aan ander se lewens wil maak? (1)

1.2 "Gelukkig sien ons deesdae al minder 'julle moet'-mense en meer 'ons moet'-mense." (Paragraaf 1)

Waarom kan ons sê dat hierdie stelling 'n MENING is en nie 'n feit nie? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Julle moet"-mense is mense wat graag (eise stel/verantwoordelikheid aanvaar). (1)

1.4 Waarom het Ayakha se familie swaargekry? (1)

1.5 Ayakha het by verskillende organisasies, wat op klimaatsverandering fokus, aangesluit.

1.5.1 Noem TWEE organisasies waarby Ayakha aangesluit het. (2)

1.5.2 Waaruit kan 'n mens aflei dat hierdie organisasies nie nét in klimaatsverandering **in Suid-Afrika** belangstel nie? (1)

1.6 "Hulle moenie dink dat sy dinge **uit haar duim suig** nie." (Paragraaf 5)

1.6.1 Word "uit haar duim suig" hier LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur te verduidelik wat "uit haar duim suig" beteken. (1)

1.7 Sê watter hotelgroep entrepreneurs se drome waar maak en motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die leesstuk. (2)

1.8 Hoeveel skoolhemde kan uit een koningsgrootte laken gemaak word? (1)

1.9 Wat was in 2019 Donalene se projek vir Mandeladag? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A–D) neer.

Die kinders wat deur Donalene se Sheets for Shirts-projek gehelp word, woon nou gereeld skool by. Hieruit lei ons af dat ...

A party kinders nie van hierdie projek sal hou nie.
B alle leerders nou hierdie hemde behoort te dra.
C hierdie projek onderwys in ons land indirek ondersteun.
D ander hotelle ook by hierdie projek betrokke gaan raak. (1)

1.11 Watter tipe houer gebruik Candice om ekostene te maak? (1)

1.12 Die skrywer se doel met hierdie teks is om vir die leser presies te verduidelik wat klimaatsverandering is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.13 Daar is verskillende organisasies waarvan ons in hierdie teks lees, elk met sy eie funksie.

Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die organisasie in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.13.1	Projek 90 teen 2030	A	maak die jeug van herwinning bewus
1.13.2	Restore SA Pty Ltd	B	fokus net op klimaatsverandering in Afrika
1.13.3	Royal Kidz	C	laat volwassenes menswaardig voel
1.13.4	Waste-Ed	D	fokus op 'n gesonder toekoms vir die wêreld
		E	laat ander projekte ontwikkel wat op kinders fokus

(4 x 1) (4)

1.14 Hou die hele teks in gedagte.

Waarom is die sin hieronder 'n goeie samevatting van die inhoud?

"Maar om dit te doen, moet mense moue oprol." (Paragraaf 1) (2)

1.15 In hierdie teks lees ons van drie mense wat 'n verskil gemaak het.

Kies EEN van die drie wat jy sou ondersteun. Sê wat hierdie persoon se grootste bydrae tot SA is en hoe jý hierdie persoon op 'n praktiese/werkbare manier sal ondersteun. (2)

GRAFIEK

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS B: SOVEEL MENSE IS VIR VERKEERSOORTREDINGS GEVANG

[Verwerk uit Grafika24]

1.16 Vir watter oortreding op die pad word die meeste mense gevang? (1)

1.17 Hoe word roekelose bestuur visueel in die grafiek voorgestel? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

'n Voorbeeld van roekelose bestuur is om ...

A met 'n gesteelde voertuig te ry.
B die motor se toeter te veel te blaas.
C jou bestuurderslisensie by die huis te los.
D 'n ander voertuig om 'n draai verby te steek. (1)

1.19 Hoekom, dink jy, behoort voertuie wat in 'n swak toestand is, nie op paaie toegelaat te word nie? (1)

1.20 Haal EEN woord uit die teks aan om die volgende sin te voltooi.

Dit is ... om 'n voertuig te bestuur wat nie gelisensieerd is nie. (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die inligting in hierdie grafiek leer ons om (te kyk waar die verkeersmanne die paaie patrolleer/bewus te wees van verkeersreëls). (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

VRAAG 2

Zozibini Tunzi, Mej. Heelal 2019, kom julle skool besoek. Jy moet haar aan die leerders voorstel.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE feite oor Zozi se ONTWIKKELING van geboorte tot internasionale glanspersoon in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

MEJUFFROU HEELAL 2019

Zozibini Tunzi is op 18 September 1993 in Tsolo in die Oos-Kaap gebore. Sy het in 'n doodgewone huis grootgeword. Haar pa werk vir die Departement van Hoër Onderwys en haar ma is 'n skoolhoof. Sy het twee susters vir wie sy 'n rolmodel is. Hierdie taak neem sy baie ernstig op.

Haar ouers het haar as skaam sesjarige vir haar eerste skoonheidskompetisie ingeskryf om haar selfvertroue te ontwikkel. Zozi, soos sy genoem word, lees graag en het van kleins af die meeste van die tyd met haar neus in 'n boek gesit. Sy erken dat sy eerder gelees het as om aan sport deel te neem. Sy het in 2011 haar matriek aan Hoërskool Butterworth voltooi. Daarna het sy haar B.Tech-graad in Skakelwese aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie verwerf.

Zozi se vriende beskryf haar as iemand wat skoonheidstitels inryg soos krale. 'n Mens kan maar sê skoonheidskompetisies is in haar bloed. In 2015 het sy onder andere die Mej. Mamelodi Sundowns-titel gewen. In Augustus 2019 word sy Mej. Suid-Afrika. Met haar natuurlike voorkoms, byvoorbeeld haar eie hare, wou sy stereotipes oor skoonheid afbreek. Op 8 Desember 2019 is sy as Mej. Heelal gekroon – die derde keer dat Suid-Afrika 'n wenner by hierdie kompetisie opgelewer het. Die vorige twee wenners was Margaret Gardiner en Demi-Leigh Nel-Peters. Nog 'n groot hoogtepunt in haar lewe was toe sy 'n gas op Trevor Noah se program, *The Daily Show*, in Amerika was.

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 19 Desember 2019]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS D

(3.1) KYK HIER, ALMAL MET 'n LIEFDE VIR HIERDIE (3.2) GOUE OUE!

(3.3) Vandag <u>skud ons ons sak</u> vir liefdadigheid.
Maar sonder jou kan ons niks doen nie.
Ons het jou ondersteuning (3.4) (nodig)!
Almal sal jou bewonder as jy hierdie heel (3.5) (gewild) motor op die veiling koop.
(3.6) Dink net daaraan …
(3.7) Jy en jy alleen gaan 'n reuseverskil in die lewe van minderbevoorregte kinders maak!

WAT: 'n Motorveiling
WANNEER: Saterdag, 20 Junie
WAAR: LOFTUSPARK, Kimberley
TEN BATE VAN: *Rapport* se Kinderfonds
KONTAK Jackie vir verdere besonderhede: 083 566 8910

[Eie teks]

3.1 Watter TEGNIEK gebruik die adverteerder om die leser se aandag op die opskrif te vestig? (1)

3.2 Wat word bedoel met "goue oue"? Jy moet na albei woorde in jou antwoord verwys. (2)

3.3 Die sin hieronder is 'n voorbeeld van KONNOTASIE. Verduidelik wat die onderstreepte woorde beteken.

"Vandag <u>skud ons ons sak</u> vir liefdadigheid." (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Ons het jou ondersteuning (nodig)! (1)

3.5 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Almal sal jou bewonder as jy hierdie heel (gewild) motor op die veiling koop. (1)

3.6 Verduidelik die FUNKSIE van die stippels in die volgende sin.

Dink net daaraan … (1)

3.7 Sê waarom die woord "reuseverskil" groter as die res van die teks gedruk is. (1)

3.8 Noem TWEE maniere waarop hierdie advertensie die leser manipuleer om aan die veiling deel te neem. (2)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E



[Verwerk uit *Mama Taxi*]

4.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Wat is (nies/nuus)? (1)

4.2 Waar kry Zandi die inligting wat sy met Mavis in Raampie 1 deel? Lei jou antwoord uit die strokiesprent af. (1)

4.3 Skryf die onderstaande sin oor sodat dit KORREK is.

"Sallie gebeur nie."

Begin jou sin só: Dit ... (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 2.

4.4.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

As Zandi "HUH" sê, beteken dit dat sy (doof/onbeskof) is. (1)

4.4.2 Gee EEN WOORD wat meer aanvaarbaar as "HUH" is. (1)

4.5 Waarom sê ons Mavis se woorde in RAAMPIE 3 is net 'n aanname? (1)

4.6 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe weet ons dat Mavis en Zandi in die agterste motor is? (1)

4.7 Hoe ondersteun die prent in RAAMPIE 3 Mavis se woorde in dieselfde raampie? (1)

4.8 Kyk na RAAMPIE 1 en RAAMPIE 3.

Hoe VERSKIL Zandi se idee van 'ongemerkte' motors van Mavis se idee daarvan? (2)
[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F: ARTIKEL

LEWE ELKE DAG VOLUIT

Ammiël Smith is (5.1.1) (27) jaar oud. Hy hou daarvan om (5.1.2) (gewone) dinge te doen, soos om saam met haaie te duik.

(5.1.3) (Ammiël het studeer. Hy het as bemarker gewerk.) In 2016 het hy drie (5.1.4) (week) lank in 'n weeshuis in Indië gaan werk. (5.1.5) (Dit verander sy lewe.) Hy wou 'n (5.1.6) (positief) verskil in kinders se lewens maak. Hy het besluit (5.1.7) (onderwyser word).

Ammiël is die (5.1.8) (vorige/afgelope) 3 jaar 'n onderwyser by Laerskool Vryburg. Hy is (5.1.9) (superfiks) en gee Liggaamlike Opvoedkunde as vak. Hy weet die kinders hou (5.1.10) (...) dans. Hulle dans gereeld in sy klas.

Daar het onlangs 'n video van hom en 'n groep (5.1.11) (dans) kinders op sosiale media beland. In hierdie video dans hulle op die (5.1.12) (maat) van DJ Cleo se musiek.

Die kinders was baie opgewonde hieroor. Ammiël sê hulle het (5.1.13) (*special)* gevoel toe hulle hulleself op TV kon sien. Dis presies wat hy wou hê.

[Verwerk uit wikipedia]

5.1.1 Skryf die GETAL tussen hakies as 'n woord.

Ammiël Smith is (27) jaar oud. (1)

5.1.2 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Hy hou daarvan om (gewone) dinge te doen, soos om saam met haaie te duik. (1)

5.1.3 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. Begin met die voegwoord.

Ammiël het studeer. Hy het as bemarker gewerk. (nadat) (2)

5.1.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

In 2016 het hy drie (week) lank in 'n weeshuis in Indië gaan werk. (1)

5.1.5 Skryf die sin hieronder in die VERLEDE TYD.

Dit verander sy lewe. (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Hy wou 'n (positief) verskil in kinders se lewens maak. (1)

5.1.7 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Hy het besluit (onderwyser word). (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Ammiël is die (vorige/afgelope) paar jaar 'n onderwyser by Laerskool Vryburg. (1)

5.1.9 Wat beteken die onderstreepte VOORVOEGSEL in die woord hieronder?

... superfiks ... (1)

5.1.10 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hy weet die kinders hou ... dans. (1)

5.1.11 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Daar het onlangs 'n video van hom en 'n groep (dans) kinders op sosiale media beland. (1)

5.1.12 Gebruik die HOMONIEM van **maat** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.13 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Ammiël sê hulle het (*special)* gevoel toe hulle hulleself op TV kon sien. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

TEKS G: PRENT

Dis Desember en dis vakansie! Dis kuiertyd. Dis kooptyd. In die winkels is daar lang toue mense. Party mense koop kos; ander koop geskenke. Die geld rol in en die kasregisters klingel.

[Verwerk uit clipart]

5.2.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Ma en Ouma het nie dieselfde (haarstyl/haarsteil) nie. (1)

5.2.2 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die hele (pa, ma, oupa, ouma en kinders) het inkopies gedoen. (1)

5.2.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die stoel se een (wiel) staan skeef. (1)

5.2.4 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Die seuntjie dra 'n toegedraaide (present). (1)

5.2.5 Vul die ONTBREKENDE WOORD in die onderstaande sin in.

Die persoon by wie hulle betaal, noem ons 'n ... (1)

5.2.6 Skryf die hele sin oor in die ONTKENNING deur die onderstreepte woord te verander.

Oupa het iets gekoop. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou



Inside Education
Inspiring Minds



MATRIC EXAM REVISIONS

AFRIKAANS FAL
PAPER 1 (2021)

ANSWER PAPER



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1

TEKS A: MOENIE NET PRAAT NIE; DOEN IETS!
[Eie verwerkte teks/google/*wikipedia*]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	Max Lucado	1
1.2	• Dit is die skrywer se opinie. • Dit kan nie bewys word nie. • Daar is geen statistiek/syfers/navorsing wat dit bevestig nie. • Almal stem nie noodwendig saam nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.3	eise stel	1
1.4	Dit was droog/die droogte	1
1.5.1	• Projek 90 (teen 2030) • Afrika Klimaat Alliansie	2
1.5.2	• Die woord "**wêreldwyd**" (dui op internasionale betrokkenheid). • Die **Afrika** Klimaat Alliansie (dui op Afrika in sy geheel). • Ayakha het (met) **oorsese** aktiviste/Greta van **Swede** kennis gemaak/ontmoet/gesels. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde, solank die vetgedrukte woorde in die antwoord verskyn. Dit hoef nie in 'n volsin te wees nie, maar dit moet sin maak.)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.6.1	Figuurlik	1
1.6.2	• Hulle moet nie dink dat sy jok/stories opmaak/stories vertel wat nie waar is nie/nie die waarheid praat nie/onsin praat/raai/bog praat nie OF dat sy nie bewyse het van wat sy sê nie/ongegronde stellings maak. OF • Sy sê dit nie sonder bewyse daarvoor nie./Sy het nie net stories uitgedink nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. **Hierdie is 'n dominovraag.** Die antwoord op Vraag 1.6.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.6.2 te kry.)*	1
1.7	Marriotts (-Hotelgroep) ✓ • Hulle het vir Donalene R1,2 miljoen/geld gegee om haar besigheid te begin. ✓ • Hulle het (betrokke geraak en) besluit om lakens vir haar te skenk (wat gebruik word om skoolhemde en -baadjies te maak.) ✓ *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.8	Vyf/5 (skoolhemde)	1
1.9	Sy het (meer as 1000) skoolhemde/winterbaadjies/skoene/klere aan leerders (van verskillende skole) geskenk. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.10	C/hierdie projek onderwys in ons land indirek ondersteun.	1
1.11	('n) 2 ℓ-koeldrankbottel *(Aanvaar ook as die kandidaat verduidelik. 2l moet deel van die antwoord wees.)*	1
1.12	• Die leser word net bewus gemaak van die bestaan van klimaatsverandering. • Die leser word net daarvan bewus gemaak dat ons klimaatsverandering moet beveg. • Klimaatsverandering word net in paragrawe 3, 4 en 5 aangeraak. • Net die eerste persoon/Ayakha praat van klimaatsverandering. Die ander praat van werkskepping, omgewingsbewaring en herwinning. • Die titel maak nie melding van klimaatsverandering nie. • Die eintlike doel met hierdie teks is om die leser te vertel van Suid-Afrikaners/mense wat 'n verskil maak. • Die doel is om die leser te motiveer om (self) betrokke te raak om 'n verskil in Suid-Afrika te maak. • Die stuk handel oor mense wat 'n verskil maak/wat ons kan doen om van die wêreld 'n beter plek te maak. • Die artikel handel oor **drie** persone wat 'n verandering maak. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13.1	D/fokus op 'n gesonder toekoms vir die wêreld	1
1.13.2	C/laat volwassenes menswaardig voel	1
1.13.3	E/laat ander projekte wat op kinders fokus, ontwikkel	1
1.13.4	A/maak die jeug van herwinning bewus	1
1.14	• Die drie mense in die teks het nie net gedroom/gepraat nie /daadwerklik iets gedoen✓ om 'n verskil te maak. ✓ • Hulle het daadwerklik iets gedoen/hard gewerk/fluks gewerk✓ om 'n verskil te maak/mense se omstandighede te verbeter. ✓ • Die drie mense was fisies betrokke ✓ om 'n verskil in ander mense se lewens te maak. ✓ OF • Almal in die teks het iets spesiaals vir die gemeenskap **gedoen**. ✓ Elkeen het 'n nuwe projek aangepak en nie net **gepraat** daaroor nie. ✓ *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.15	**Ayakha Melithafa** Grootste bydrae: Sy bring die gevare van klimaatsverandering onder ons aandag./Sy wys ons om die omgewing te bewaar. Wat jy sal doen vir ondersteuning? Die kandidaat gee enige idee of voorstel wat aandui hoe hy/sy Ayakha se stem namens die omgewing verder gaan uitdra, bv. Ek sal mense leer wat die gevolge van klimaatsverandering sal wees. **OF** **Donalene Johanessen** Grootste bydrae: Sy help minderbevoorregte kinders en ondersteun herwinning./Werkskepping/Sy spreek die plastiekprobleem aan./Sy verander werkers se lewens positief./Gee skoolhemde aan skoliere in arm gemeenskappe./Maak wasgoedsakke van ou lakens om plastiek te bespaar./40% van haar wins gaan aan Royal Kids Projek./Begin Restore SA Pty Ltd en skep daarmee werk vir mense. Wat jy sal doen vir ondersteuning? Die kandidaat gee enige idee of voorstel wat aandui hoe hy/sy bg. bydrae sal ondersteun, bv. Ek sal ook lakens/materiaal probeer herwin en aan haar stuur. **OF** **Candice Mostert** Grootste bydrae: Sy herwin plastiek./Sy maak ekostene/betrek die jeug by haar projek. Wat jy sal doen vir ondersteuning? Die kandidaat gee enige idee of voorstel wat aandui hoe hy/sy bg. bydrae sal ondersteun, bv. Leer jongmense omtrent herwinning. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die punte word slegs vir die **bydrae** en die **kandidaat se gepaste idee** toegeken. Kandidate mag 'n breë antwoord of voorbeelde gee. Gee die 2 punte, selfs al word die naam van die persoon nie genoem nie, maar dit duidelik is na wie daar verwys word.)*	2

TEKS B: SOVEEL MENSE IS VIR VERKEERSOORTREDINGS GEVANG
[Verwerk uit Grafika24]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.16	Dronkbestuur *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.17	Die motor lyk asof dit ... • op twee wiele staan/ry. • vinnig om die draai ry. • nie reguit op die pad ry nie/(skuins) van die pad af ry/afgly. • wil omval/kantel/gly/skuins is • draaie sny. • heen-en-weer oor die pad ry. r is visueel geteken asof twee wiele in die lug staan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.18	D/'n ander voertuig om 'n draai verby te steek.	1
1.19	• Hulle is 'n gevaar vir ander bestuurders/vir die bestuurder self. • Hulle kan ongelukke veroorsaak. • Hulle kan mense se dood veroorsaak. • Dit kan misdaad uitlok (bv. as jou motor langs die pad gaan staan). • Sulke voertuie rook gewoonlik (en veroorsaak besoedeling). • Die motor kan gaan staan en ander verkeer in gevaar stel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.20	onwettig	1
1.21	bewus te wees van verkeersreëls	1

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Nasien van die opsomming

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

Let op: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar **een** daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat **net een direkte aanhaling** as korrekte feit aanbied, en **verder geen** korrekte feite het nie, kry die kandidaat 1 punt vir die direkte aanhaling en 0 vir taal. In hierdie geval kry die kandidaat dus 1/10 vir die opsomming.

LET WEL:

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde aan lees ná die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2

TEKS C: MEJUFFROU HEELAL 2019
[Verwerk uit *Huisgenoot, 19 Desember* 2019]

Let wel: Kandidate moet sewe **feite** oor Zozibini Tunzi se ontwikkeling van geboorte tot internasionale glanspersoon opsom. Aanvaar enige SEWE van die agt feite hieronder.

Feite moet in chronologiese volgorde aangebied word, binne konteks van die teks. **Kyk na die volgorde wat die kandidaat aanbied**; of die sewe feite wat die kandidaat aanbied wel chronologies op mekaar volg (bv. volg die kandidaat se korrekte feit 3 chronologies op die kandidaat se korrekte feit 2, ens.)

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
Zozibini Tunzi is op 18 September 1993 in Tsolo in die Oos-Kaap gebore. Sy het in 'n doodgewone huis grootgeword.	1	Sy is (op 18 September 1993/in Tsolo) in die Oos-Kaap **gebore**./Sy word in 'n **doodgewone huis** groot.
Haar ouers het haar as skaam sesjarige vir haar eerste skoonheidskompetisie ingeskryf om haar selfvertroue te ontwikkel.	2	Sy het **op ses** aan haar **eerste skoonheidskompetisie** deelgeneem.
Sy het in 2011 haar matriek aan Hoërskool Butterworth voltooi.	3	Sy het (in 2011) **matriek/Gr 12** geslaag./Sy het aan Hoërskool Butterworth **gematrikuleer**.
Daarna het sy haar B.Tech-graad in Skakelwese aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie verwerf.	4	Sy het **skakelwese** aan die KSUT studeer./Sy het haar **B.Tech-graad** behaal.
In 2015 het sy onder andere die Mej. Mamelodi Sundowns-titel gewen.	5	Sy het (in 2015) die titel **Mej. Mamelodi Sundowns** gewen./Sy is as Mej. Mamelodi Sundowns gekroon.
In Augustus 2019 word sy Mej. Suid-Afrika.	6	Sy word (in 2019) (as) **Mej. Suid-Afrika (gekroon).**
Op 8 Desember 2019 is sy as Mej. Heelal gekroon.	7	Sy word (op 8 Desember 2019) (as) **Mej. Heelal** (gekroon).
Nog 'n groot hoogtepunt in haar lewe was toe sy as gas op Trevor Noah se program, *The Daily Show*, in Amerika was.	8	Sy het as gas op die Trevor Noah TV-program verskyn./Sy was 'n gas **op Trevor Noah se program** in Amerika. (63 woorde)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL
ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens en spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3
TEKS D: ADVERTENSIE
[Eie verwerkte teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	• Die adverteerder gebruik ... o 'n groter font/lettertipe. o vetdruk/donker woorde/letters. o Hoofletters. o uitroepteken/ ! . • Die adverteerder begin die opskrif met 'n uitnodiging/bevel/ werkwoord/KYK HIER. • Die adverteerder spreek die leser direk aan. • Assonansie *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.2	"goue" beteken hier waardevol/duur/mooi/gesog/immergroen/kosbaar/ luukse/pragtige/glansende/spesiale. ✓ *(Goud verwys **nie** na 'n kleur nie.)* Die "oue" verwys na die (veteraan)motor/antieke motor/outydse motor/ouderwets/uit toeka se dae/toentertyd/uit de oude doos/ noagmotor/toekatjor/**baie ou** motor. Aanvaar indien die kandidaat na 'n vorige tydperk verwys. Die kandidaat mag "oue" omskryf. ✓ *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
3.3	• Vandag gee ons geld uit/bestee ons geld/betaal ons vir iets/skud ons ons beursies/moet ons vrygewig wees/geld skenk/'n donasie gee. • Aanvaar ook antwoorde waarin daar nie na geld verwys word nie, bv. Vandag ondersteun ons liefdadigheid./Vandag gee ons vir liefdadigheid./Ons gaan vir minderbevoorregte kinders gee/bydra. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.4	broodnodig/hoognodig *(sp. EEN woord)*	1
3.5	gewild**ste** *(sp)*	1
3.6	Die stippels ... • sluit aan by "dink"/stem **jou** tot nadenke. • laat **die leser** die "dink" visualiseer/dink hoe hy/sy self daarin gaan lyk. • laat **jou** self jou gedagtes voltooi. • laat **jou** wonder/laat ruimte vir moontlikhede. • bied **die leser** die geleenthied om dit in sy/haar kop te voltooi/nog iets te sê. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.7	• Dit stel die **groot verskil** visueel voor/sluit aan by die woord "reuse". • Om **groter impak** te maak/aandag te trek. • **Vir beklemtoning** van die verskil wat dit in kinders se lewens gaan maak/hoe **groot** die verskil is wat jy kan maak. • Dit **beklemtoon** hoe belangrik dit is om minderbevoorregte kinders te help/**beklemtoon** die gedagte. • Dit **beklemtoon** die verskil wat jy kan maak deur die motor te koop. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.8	• Die adverteerder laat die leser voel dat hy/sy ... o belangrik is. o bewonder gaan word. o kinders kan help. o met liefdadigheid moet help. o ondersteuning moet gee. • Daar word 'n spoggerige motor vertoon/met die prent van die motor. • Gebruik van emotiewe woorde/manipulerende taal, **bv**. "Maar sonder jou"/"Jy en jy alleen"/"Almal sal jou bewonder."/"Ons het jou ondersteuning nodig." *(Hier moet die kandidaat <u>voorbeeld</u> gee.)* • Praat direk met die leser./Leser word direk betrek./Gebruik "jy" en "jou". (*Enige TWEE verskillende maniere of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings alleen is nie voldoende bewys dat kandidate verstaan nie.)*	2
		[10]

VRAAG 4

TEKS E: STROKIESPRENT
[Verwerk uit Mama Taxi]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	nuus	1
4.2	Zandi/Sy kry/lees dit in die koerant/dagblad/tydskrif/nuusblad. *(Enige EEN. Aanvaar die naam van koerant of tydskrif; ook as die naam in Engels is.)*	1
4.3	Dit sal nie gebeur nie./... sal nie gebeur nie. Dit sal nie *so* gebeur nie. *(Enige EEN)*	1
4.4.1	onbeskof	1
4.4.2	• Ekskuus!!? • Askies (foutiewe spelling, bv. eskies/skies/'skuus/skuus) • Regtig/rêrig • Jammer • Wat • Herhaal • Pardon *(Enige EEN. Die kandidaat word nie gepenaliseer as die leestekens ontbreek nie. Foutiewe spelling word aanvaar, solank dit nie Engels is nie.)*	1
4.5	• Mavis baseer haar antwoord op dit wat sy sien. • Mavis kan nie dit wat sy sê, bewys nie. • Sy sê hoe sy daaroor voel. • Sy sê wat sy daarvan dink/dit is haar opinie. (*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet bewys lewer dat hy/sy weet dat **aanname** bloot mening is en nie 'n feit nie.)*	1
4.6	• Die spraakborrel wys na Mavis en Zandi (se motor). • Die persoon in die agterste motor lyk soos Mavis (in raampie 1). • Ons sien Mavis se hoed en ore (in die agterste motor). • Mavis en Zandi sien wat voor hulle gebeur. • Daar is twee mense in die motor. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.7	In RAAMPIE 3 is die bewys dat ... • baie motors gestamp is. • daar (byna) geen motors sonder stampe/merke is nie. • daar 'n botsing tussen twee motors plaasvind/een motor in 'n ander een vasry. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.8	**Met 'n ongemerkte motor bedoel Zandi** 'n motor wat geen kenteken het nie/op geen manier aandui dat dit 'n verkeerspolisiemotor is nie/waarop daar nie geskryf/geplak/geteken/geverf is nie./ Verkeersbeamptes ry in motors wat nie uitgeken kan word nie/sonder plakkers is./Privaat motors./Jy kan nie sien/herken of dit 'n polisiemotor is nie.✓ **Met 'n ongemerkte motor bedoel Mavis** 'n motor wat vol duike is/(stamp)merke/krapmerke op het/in 'n ongeluk betrokke was./Al die motors was in ongelukke en het merke en duike./Motors wat nie sonder duike is nie.✓ *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*.	2
		[10]

VRAAG 5.1

TEKS F: LEWE ELKE DAG VOLUIT
[Verwerk uit Wikipedia]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	sewe en twintig/sewe-en-twintig *(Enige EEN. **Spelling** moet korrek wees want dit is **'n** telwoord.)*	1
5.1.2	ongewon**e**/buitengewon**e**/vreemd**e**/rar**e**/abnormal**e**/uniek**e**/seldsam**e**/ uitsonderlik**e**/spesial**e**/besonders**e**/anders**te**/snaaks**e** *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde, solank dit binne die konteks van die teks is.)*	1
5.1.3	Nadat Ammiël **studeer het, het hy** as ('n) bemarker gewerk. *(Die **leesteken** op die regte plek tel 1 punt en die korrekte **woordorde** tel een punt.)*	2
5.1.4	weke *(sp)*	1
5.1.5	Dit **het** sy lewe **verander**.	1
5.1.6	posi**tiewe** *(sp)*	1
5.1.7	Hy het besluit **om** ('n) onderwyser **te** word.	1
5.1.8	afgelope *(Aanvaar oorskryffout)*	1
5.1.9	baie/buitengewoon/uiters/uitsonderlik/besonder(s)/verskriklik/ekstra/ vreeslik/top *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar ook omskrywing van die begrip.)*	1
5.1.10	van	1
5.1.11	dans**ende** *(sp)*	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.12	• My **maat** help my baie./Ek en my **maat** kuier altyd saam. • Jy moenie vars vrugte in groot **maat** aankoop nie./Ek het gister suiker in groot **maat** gekoop. • Daardie man ken nie sy **maat** as dit by drank kom nie. • Met die **maat** waarmee jy meet, sal jy gemeet word. *(Enige aanvaarbare sin waar die betekenis van "maat" duidelik is.)*	1
5.1.13	spesiaal *(Aanvaar foutiewe spelling, bv. spesial, maar nie speciaal nie.)*	1

VRAAG 5.2

TEKS G: PRENT
[Verwerk uit clipart]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	haarstyl	1
5.2.2	familie gesin	1
5.2.3	wiel**etjie** *(sp)*	1
5.2.4	geskenk	1
5.2.5	kassier(e)/teller *(Spelling tel nie, tensy dit die betekenis verander.)*	1
5.2.6	Oupa het **niks** gekoop **nie**.	1
		[20]
	TOTAAL AFDELING C:	**40**
	GROOTTOTAAL:	**80**

Kopiereg voorbehou